# KEN DIE GOD VAN VERTROOSTING

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIFVERWYSINGS VAN OORDENKING: 2 Korinthiërs 1:3-11

**2 Korinthiërs 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting,**

**2 Korinthiërs 1:4 wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word.**

**2 Korinthiërs 1:5 Want soos die lyde van Christus oorvloedig is in ons, so is ons troos ook oorvloedig deur Christus.**

**2 Korinthiërs 1:6 Maar of ons verdruk word, dit is julle tot troos en redding; en dit laat sy werking blyk deurdat julle dieselfde lyding verduur wat ons ook ondergaan; en of ons getroos word, dit is julle tot troos en redding.**

**2 Korinthiërs 1:7 En ons hoop vir julle is vas, omdat ons weet dat net soos julle deelgenote is aan die lyding, so ook aan die troos.**

**2 Korinthiërs 1:8 Want ons wil nie hê, broeders, dat julle onbekend moet wees met ons verdrukking wat oor ons in Asië gekom het nie, dat ons dit bo ons krag uitermate swaar gehad het, sodat ons selfs aan ons lewe gewanhoop het.**

**2 Korinthiërs 1:9 Ja, ons het al self by onsself die doodvonnis oor ons gehad, sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dode opwek;**

**2 Korinthiërs 1:10 wat ons verlos het uit so ‘n groot doodsgevaar en nog verlos; op wie ons hoop dat Hy ook nog sal verlos,**

**2 Korinthiërs 1:11 terwyl julle ook vir ons saamwerk deur die gebed, sodat daar vir die genadegawe aan ons deur baie persone op baie maniere vir ons gedank mag word.**

-o0o-

Ek wil vandag met julle 'n baie spesiale stukkie deel, wat die Here met my gedeel het.

- Hoe kan 'n mens wat net mens is en van vlees en bloed, die regte bewoording en bemoediging gee aan 'n persoon (of persone) wat deur 'n diepe krisis gaan?
- Hoe kan mens ‘n diepe ondersteuning vir so 'n persoon wees?

-o0o-

Die Skrifgedeelte in ag geneem:

a) Wat skryf Paulus hier?
b) Wat bedoel hy met die hele gedeelte wat hy hier geskryf het?

Hy praat vanuit 'n posisie waarin hy, en ek weet nie wie nog by hom was nie, in Asië in 'n geweldige stryd was, sóveel so dat hulle nie op hul eie lewe gehoop het nie - dat hulle gedink het dit is die einde van hul lewe soos beskryf in vers 9:

**2 Korinthiërs 1:9 Ja, ons het al self by onsself die doodvonnis oor ons gehad, sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dode opwek**

-o0o-

Paulus is deeglik bewus sy tyd was nog nie daar nie. Maar sou sy verdrukkers so ver gaan om hom dood te maak, het hy alreeds vooruit op God vertrou, nie net alleenlik as Verlosser uit die probleem nie, maar hy het God selfs vertrou om hom uit die dood op te wek. So vêr het hy al vooruit gehoop dat God hom uit 'n groot doodsgevaar sou red. Sy hoop is absoluut op God geplaas.

## 1. GEBEDE ONDERSTEUN MEDE-GELOWIGES

**2 Korinthiërs 1:11 terwyl julle ook vir ons saamwerk deur die gebed,**
Die gebed van die heiliges het sy hoop op God ondersteun.

Dit is wat ek vir baie mense sê, wie my kontak en versoek: *Gert bid vir my.*
Dan antwoord ek hulle:
*Weet jy wat? Daar is 'n rangorde vir gesag.*
*As die persone wat die hoogste gesag het in jou lewe, byvoorbeeld man vir vrou en vrou vir man, nie in plek is nie, dan help my gebed heeltemal niks, want ek kom uit 'n baie laer plek om julle gebede te ondersteun.*

Hier stel Paulus dit baie duidelik. As Paulus nie op God gehoop het nie, dan sou die gebede van die heiliges hulle niks gehelp het nie.
**2 Korinthiërs 1:11 terwyl julle ook vir ons saamwerk deur die gebed, sodat daar vir die genadegawe aan ons deur baie persone op baie maniere vir ons gedank mag word**.
Met ander woorde, dit is mense en wie ookal in hierdie hele situasie was - ek neem aan dit is in meervoud want hy praat die heeltyd van "ons". Daardie hoop en vertroue wat hulle gehad het toe hulle in Asië daardie verskriklike verdrukking tot die dood toe gehad het, het die gebede van die heiliges hulle ondersteun, hulle opgelig, hulle sterk gemaak, sodat hulle hoop in God meer en meer geword het.

### 1.1 Wat leer ons hieruit?

Die eerste is: My geloof in God moet nooit ophou nie.

- Ek kan nie my geloof eenkant toe gooi en verwag die gebede van die heiliges alleen die werk moet doen nie. Mense, dit is nie hoe dit werk nie.
  Ons gebede ...
  - Ondersteun mekaar se gebede;
  - Om mekaar op te hef;
  - Om mekaar te ondersteun en
  - Om mekaar deur te dra.

Die vraag is altyd: Hoekom laat God hierdie dinge toe? Hoekom laat die Here al hierdie beproewinge en wil ek amper sê, martelinge toe, dat dit vir jou partykeer voel jy kan nie meer 'n tree verder gee nie.

### 1.2 Geestelike Oorlog

So klompie jare gelede het ek en Eleanor deur 'n geweldige stryd gegaan. Ons was weke lank in 'n geestelike oorlog gewees en het min geslaap. Dit is regtig soos Paulus sê dat jy dink jou lewe is op 'n einde. Ek onthou hoe ‘n persoon wat ons ontmoet het oppad na die suide van Namibië vir ‘n Uitreik, gesê het: “*Gert, die Here het laasnag vir my gesê, ek moet vir jou waak en bid sodat jy net een nag goed kan slaap vir hierdie Uitreiking waarop julle nou sal gaan.”*

Dit was vir my só ondersteunend gewees, want dit is presies wat met Paulus gebeur het. Ons het 'n tyd lank deur 'n oorlog gegaan en die Here het geweet ons liggame is (ver)swak. Ons moes sterk gewees het vir die uitreiking en God het vir 'n ander man gesê om vir een nag, namens my en Eleanore te waak en bid. Hierdie man se gebede het ons ondersteun sodat ons sterk kon wees vir die uitreiking. Dit het my soveel geleer hoe die liggaam van Jesus Christus werk.

-o0o-

## 2. INTERSESSIE

Maar kom ons kyk bietjie verder.

**2 Korinthiërs 1:6 Maar of ons verdruk word, dit is julle tot troos en redding; en dit laat sy werking blyk deurdat julle dieselfde lyding verduur wat ons ook ondergaan; en of ons getroos word, dit is julle tot troos en redding.**

**2 Korinthiërs 1:7 En ons hoop vir julle is vas, omdat ons weet dat net soos julle deelgenote is aan die lyding, so ook aan die troos.**

2.1 **Hier stel hy dit duidelik**:

- Die verdrukking is vir julle tot troos.
- Eintlik, wanneer 'n broer of suster deur 'n geweldige stryd gaan en ons tree vir daardie persoon in by die Here, om hom/haar te help, mag ons nie soos baie ander leë beloftes maak deur om vir so 'n persoon te bid en dan nooit bid nie, of net 'n afgerammelde gebedjie opsê nie. Nee mense, dit is nie wat dit is nie. Paulus sê egter *dit is vir julle tot troos en redding.*

❖ Sodra ek vir 'n ander persoon in gebed intree, dan moet ek met dieselfde passie en hart in daardie saak inklim, asof ekself in daardie saak is.

2.2 **En hoe gaan jy dit doen?**

Jy kan dit nie op jou eie nie doen nie - jy het die Heilige Gees nodig om dit te doen.
Dit beteken: jou hart moet in Christus se hart verander word, sodat jy basies dieselfde taal as Christus kan praat. Dan eers ondersteun jou gebede die persoon. Dan sal jy wees tot troos en tot redding.

Vers 6: ...en dit laat sy werking blyk deurdat julle dieselfde lyding verduur wat ons ook ondergaan;….
Sien daar! Dieselfde lyding verduur as wat ons ondergaan.
…en of ons getroos word, dit is julle tot troos en redding.

2.3 **Let op**:

Sodra jy vir die persoon intree en ondersteun hom met jou gebede, jou passie, jou hart en jou hele wese,

- daardie oomblik wanneer die deurbraak vir daardie persoon kom,
- sal jy <u>dieselfde ervaring</u> ondervind.
- Jy gaan <u>dieselfde</u> troos en redding kry as wat daardie persoon ontvang.

Vers 7: En ons hoop vir julle is vas, omdat ons weet dat net soos julle deelgenote is aan die lyding, so ook aan die troos.
Met ander woorde; jy sal dieselfde loon ontvang - dieselfde troos ontvang.

## 3. VERSTERK DIE LIGGAAM IN CHRISTUS

Maar ek wil terugkom na vers 3.

**2 Korinthiërs 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting,**

➢ Dit is om die liggaam van Christus Jesus sterker bymekaar te laat inpas.

Dink net 'n bietjie dat wanneer jy deur 'n krisis gegaan het, was daar 'n persoon wat regtig 'n pad saam met jou gestap het; jou elke dag gebel het om te hoor hoe dit met jou gaan; jou ondersteun het in gebede en jou in daardie tyd gedra het.

Jy sal gevoelloos wees as jy daardie persoon se liefde, aandag en hulp in die vuilisdrom gooi, of hom vergeet, want dit is dié persoon wat jou regtig deurgedra het – wie jou gehelp het. Die Bybel sê vir ons: 1 Korinthiërs 12:26 En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

-o0o-

Slaan jou duim met 'n hamer raak, dan kyk jy hoe die hele liggaam konsentreer op daardie duim - op daardie seer nael. Ek het eenkeer my duim in die motordeur vasgeslaan. Dit was verskriklik seer, dit het geklop en later potblou geword. Teen die aand het iemand vir my gesê: *Al wat jy moet doen is om 'n gaatjie in die nael te maak sodat die bloed kon dreineer*. Wat ek toe gedoen het en dit was baie beter. Maar die punt wat ek wil maak is, die hele liggaam het daardie dag alles om daardie vinger se nael laat draai. Ek het versigtiger geloop; versigtiger gehandel; dit toegedraai in yswater. Ek het my duim vertroetel. Die hele liggaam het gekonsentreer op die seer nael. En dit is wat ons moet wees.

Wanneer ‘n mede broer of 'n suster deur 'n groot krisis gaan, moet daardie persoon dit nie geheim hou nie. Hy moet kan sê: *Mense ek het julle nodig. Ek het julle gebede en ondersteuning nodig*. Wees vrymoedig, ons is een huis en een liggaam. As ons nie mekaar ken in swakhede nie, hoe kan ons mekaar ken in oorwinning?

## 4. OM GOD TE VERHEERLIK

### 4.1 Hoekom laat God hierdie dinge oor ons gebeur?

Ek het al baie keer gesê dat enige iets wat met my en jou gebeur, moet die Vader in ALLES verheerlik word. Luister mooi wat sê Paulus nou in vers 3:

**2 Korinthiërs 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting,**

**2 Korinthiërs 1:4 wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word.**

Die hele Raadsplan van God, kom in hierdie saak tot vervulling. Dit gaan nie oor my en jou nie, dit gaan oor die Vader en altyd oor Hom alleen. Dit is HY wat verheerlik word in alle omstandighede.

### 4.2 Hoekom dink julle moes Jesus die verskriklike dood sterf?

Sodat die Vader verheerlik word; want daar gaan vrug voorkom.

Ek en jy is die vrug daarvan. Deur Sy lyding en wat ookal op die kruis gebeur het, was ek en jy die vrug van dit. Dit was 'n duur, ‘n verskriklike en 'n swaar prys om te betaal.

Ons is nou deur Paasnaweek en het weereens gesien hoe Hy gegesel was. Hoe Sy vleis van Sy liggaam weggeslaan was. Die geskiedskrywers sê dat mens Sy longe deur die ribbekas kon sien funksioneer. Dit was werklik so gewees, mense.

### 4.3 Maar hoekom?

Wat is die rede?
Is God 'n sadis, het Hy behae daarin?
Nee, nee, nee.

- Hy wil Homself aan ons as die God van ontferming openbaar. As jy nie die God van ontferming nodig het nie, kan Hy Homself nie aan jou openbaar as die God van ontferming nie.
- As jy “warfare” (geestelike stryd) nodig het, kan Hy Homself openbaar as "The God of warrior". Jou Kryger (warrior) God.
- As jy nie voorsiening het nie, kan Hy Homself nie openbaar as die God van voorsiening nie.
- As jy nie vrede nodig het nie, sal Hy Homself nie kan openbaar as die God van vrede nie.

Onthou Hy is die God, Hy is die alles. Maar Hy laat ons deur hierdie dinge gaan sodat ons Sy verskillende persoonlikhede kan leer ken.

Wanneer kan Hy Homself openbaar as die God van troos en die God van ontferming?

-o0o-

Presies wanneer jy die God van ontferming nodig het, dan kan Hy op die toneel kom. Dan kan Hy sê: *Hier is ek, die God van ontferming. Kom klim op My skoot, kom sit hier by My. Soos 'n mamma haar kind vashou. Die soentjie op die seerplekkie soos wat net 'n mamma kan troos*.

- ❖ Met daardie selfde element kom God na ons toe.
- ❖ Hy laat ons deur hierdie krisisse gaan.

Jy roep na God, jy smag na God. Jy roep uit! Die gebede van die Heiliges ondersteun jou. Nou kom God en Hy openbaar Homself - nie as Skepper (Creator) nie, nie as Voorsiener nie. Nee! God openbaar Homself in die nood wat nou daar is. En die nood is, jy het vertroosting nodig en jy het hoop en hulp nodig. Nou kom God om jou te vertroos en te help. God openbaar Homself as die God van vertroosting.

Want daarom sê hy in vers 3: GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van **ontferminge** en die God van alle **vertroosting**.
Met ander woorde:

- nou kom openbaar HY Homself as die God van **ontferming** en die God van **vertroosting** en
- NOU ken jy Hom op daardie area van sy hele wese – in daardie area.
- Voor die tyd het jy Hom nie geken nie.
- Jy kan nou saampraat. Nou kan jy sê; ek ken die God van ontferming en die God van vertroosting.

Vers 4: wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word. En hier is die hele saak.
Hoekom is ons daar?

- Nie vir myself nie.
- Ek is daar vir my broer en my suster.
- Ek is daar vir die mede-kind van God, vir die mede-liggaam van Jesus Christus.

Dit beteken ...

i) ek gaan deur 'n krisis, ek roep die Here aan, ek soek God se genade, ek pleit by die Here, ek is op my knieë voor die Here. Ek maak dit openbaar aan die gemeente en sê ek gaan deur 'n geweldige krisis. Die gebede van die heiliges ondersteun my. Nou kom God en openbaar Homself as die God van ontferming en vertroosting. Ek het Hom ontmoet. Môre, oormôre kom 'n ander persoon in 'n krisis situasie. Met die ondervinding wat ek het, nie met die mense nie máár met die God van ontferming, kan ek 'n instrument wees wie na so persoon gaan, want nou kan ek saam praat.

ii) Paulus verduidelik, ek kan nou ander mense troos met dieselfde troos waarmee God my getroos het. Ek word nou 'n kanaal waardeur die Here werk sodat HY my kan gebruik of deur my kan werk om vir ander te kan troos. Al het ek nie ondervinding nie, kan ek 'n kanaal wees waardeur God homself kan openbaar. God kan Homself openbaar deur my, aan die wat Hom nou nodig het. As Vertrooser en Ontfermer.

iii) Kan julle sien mense, ons is nog heeltyd net 'n skakel. 'n Skakel in die ketting. Dit gaan nog altyd oor die opbouing van die liggaam van Jesus Christus, die uitbreiding van die Koninkryk van God.

Kyk wat sê Paulus aan die begin.
Vers 3: GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus. Met ander woorde; as ons hierdie dinge so doen,

- dan word God verheerlik. HY word geseën en HY word verhoog.
- En kan die mense die Here nou loof, God prys, Hom eer en Hom aanbid.
- Want die hele proses en raadsplan van God het tot vervulling gekom.
- En ek het die voorreg gehad om deel te kon wees. Al het dit soms op 'n stadium gekom soos Paulus gesê het: *"…. dis klaar, dis tot die dood toe, ek is klaar."*

-o0o-

- Ek moet nou nie hoop op my lewe nie, ek moet hoop dat God my uit die dood gaan opwek. Oor so groot krisis moet dit gaan.
- Dank die Here daarvoor dat ek daardie pad kon loop om vandag 'n kanaal te kan wees vir Hom. Om vandag 'n instrument, 'n skakel te kan wees in hierdie hele raadsplan van God.

Mense, ek hoop ek het julle vandag hiermee geseën.
Moenie mismoedig raak as jy deur krisisse gaan nie. Vervul die raadsplan van God.
Doen wat reg is.

- ✓ Julle weet nou hoe om op te tree in so situasie en kom ons skakel in, mense. Almal het 'n plek om te vul. Ons almal het 'n raadsplan om te vervul.
- ✓ Moenie mismoedig raak nie. Daar is 'n doel, daar is 'n plan dat die Vader op die einde van die dag, altyd verheerlik kan word.
- ✓ En moenie nalaat om God se plan te vervul nie. Al is dit hoe klein, maak nie saak nie.
- ✓ Die Here gee jou 'n geleentheid om saam te werk. As jy nee sê, gaan HY net iemand anders kies en jy verloor daardie seëning en plek.

Die Here seën vir julle.

-o0o-

Wikipedia:

**Ontferming** beteken om **medelye** of deernis met iemand te hê en daadwerklik in te gryp om hul lyding of nood te verlig. Dit is 'n diep vorm van **barmhartigheid** waar jy jouself oor iemand ontferm (hulle versorg en genade bewys) in plaas daarvan om hulle te straf of aan hul lot oor te laat.



Die woord dra 'n paar baie spesifieke skakerings:

- **Diep medelye:** Dit is nie net 'n gevoel van simpatie nie, maar 'n toestand waar jy werklik die ander persoon se pyn aanvoel.
- **Daadwerklike hulp:** Dit lei tot optrede, soos om iemand te help, te versorg of by te staan wanneer hulle kwesbaar is.

In godsdienstige of Bybelse kontekste word dit dikwels gebruik om God se onvoorwaardelike liefde, genade en vergifnis te beskryf teenoor mense wat dit nie verdien nie.

"Ontferming" kan 'n baie persoonlike en emosionele ervaring wees. Dit word dikwels beskryf as 'n diepe medelye, barmhartigheid, of die uitreik van 'n hand na iemand wat swaar kry.

Aangesien "prentjie van ontferming" 'n spreekwoordelike of figuurlike uitdrukking is, hang die ware "prentjie" af van hoe jy dit graag wil sien.

Hier is 'n paar maniere waarop hierdie konsep dikwels geskilder of uitgedruk word:

- **Bybelse Prentjie:** In die Christelike geloof word God se ontferming vergelyk met 'n ma wat haar kind vertroos, of 'n Vader wat 'n verlore kind met ope arms terugneem.
- **Menslike Deernis:** Dit is die beeld van iemand wat sy of haar eie planne eenkant toe stoot om 'n medemens in nood op te help—soos in die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. [
- **Visuele Beelde:** Visueel word dit dikwels uitgebeeld as oop, uitgestrekte hande, 'n warm omhelsing, of 'n skoon, sonnige oopte ná 'n donker storm.

-o0o-